Ds. PJ Kriel 10.09.2023

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus van kansels en die uitbeelding van Jesus op verhoë. Deur die verkondigde Woord van sy lyding en opstand verlig Christus ons om in god se liefde te leef en Hom God lief te hê. Deur die uitbeelding van Jesus deur geestelikes op verhoë in leesdramas en lewenshoudings verlei hulle mense om met god te identifiseer en verduister so God vir mense. Die drif om kansels met verhoë te vervang is die drif om nie in Christus te wil glo maar met god te wil identifiseer.

Skriflesing 2 Korintiërs 3: 3 – 4: 6. Jesaja 53.

Teks 2 Kor. 4: 6 Dit is Hy wat in ons harte verskyn het om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, in die aangesig van Jesus Christus.

Tema God het ons harte verlig om Christus as die Woord van God te sien en te hoor

1. Daar is ‘n groot verskil tussen ‘n verhoog en ‘n kansel.

Op ‘n verhoog word toneelopvoerings aangebied maar van die kansel word die Woord van God verkondig. ‘n Mens gaan kyk na ‘n toneelopvoering om die menslike drama te beleef, maar voor ‘n kansel luister jy na die woord van God. ‘n Mens kyk na toneelopvoerings om iets van jouself in die menslike drama te sien en te ervaar maar ‘n mens luister na die Woord van God om God te ontmoet en te ken, sy liefde sy wil, sy raadsplan bestuur en besluite van die skepping. Met toneelopvoerings vereer jy die toneelhelde maar deur die Woord van God aan bid jy God.

Paulus stel in die gelese gedeelte die verskil tussen die bediening van letters teenoor die bediening van die nuwe verbond van God. Die saak van die bediening van letters kry Paulus uit Jeremia 31: 31 – 34 waarin die profeet Jeremia verwys na die ou verbond waar God jou beloon vir gehoorsaamheid aan sy wet en straf vir ongehoorsaamheid aan sy wet. Die verhardheid van mense se harte het die Woord van God net letters op kliptafels gemaak. Die nuwe verbond volgens die profeet Jeremia is dat God sy wet in ons binneste sal gee en op ons harte, nie op klippe sal skryf nie.

God verlig ons harte met die kennis van sy heerlikheid deur die verkondiging van wie Jesus Christus die en doen. Wat doen Christus in die verkondiging oor Hom? Hy neem die sluier oor die Ou Testament as die Woord van God weg! Paulus verwys na die sluier wat die vroue oor hulle gesig gedra het, net soos die Moslem vroue dit vandag nog dra sodat ‘n mens nie hulle gesig kan sien nie.

Wanneer jy jou in die geloof na Jesus Christus toe draai, neem Hy hierdie sluier wat oor die Bybel as Woord van God lê, wat maak dat jy nie die openbaring van God kan hoor en ken nie, weg. In die “aangesig van Jesus Christus, word ons verlig met die kennis van God. (2 Kor.4:6) Christus is God se gesig vir die mens, god se openbaring van wie Hy is.

2. Wat is hierdie sluier wat oor die openbaring van God in die Bybel getrek word sodat jy niks van God in sy Woord kan sien of hoor nie?

Dit is prediking en lering. Paulus noem dit die prediking van die letter (3:6), van Moses (wat beteken die kontrak met God waarin God jou beloon vir goeie dade en straf vir ongehoorsaamheid (3:15), van die God van hierdie wêreld (4:4) wat alles die slinkse verdraaiing is van die Woord van God.(4:1) Hierdie prediking en lering trek ‘n gordyn oor die openbaring van God in sy Woord. En hierdie soort geestelike bedryf pas by die gedagtes van hulle wie se harte teen God verhard is en in hulle gedagtes deur die god van hierdie wêreld verblind is. (3:14)

Wie is hierdie god van die wêreld wat mense so verblind dat hulle nie god kan hoor of sien in en deur sy Woord nie?  Dit is die mens wat homself in en deur God wil raaksien en in en deur God as goddelik wil beleef, een met die krag, mag, lewe en Naam van God self, volgens 4:4 hulle wat hulself verkondig as goddelik.

Dit is hulle wat van die kansel ‘n verhoog maak. Wat hulle in ‘n selfopgemaakte goddelike drama wil uitleef sodat ander hulle self in hulle uitbeelding van hul goddelikheid kan inleef. Hierdie proses is al jare lank in die NG Kerk  besig. Om die kansels met verhoë te vervang waarop God gedramatiseer, opgevoer en uitgebeeld word sodat mense nou hulle self in die uitbeelding van God kan beleef.

Paulus wys dat dit hierdie self verkondiging is wat die sluier is wat mense oor God se Woord trek sodat god nie in sy Woord meer gehoor en gesien kan word nie.

Een van die Skrifgedeeltes waaroor hierdie sluier getrek word, is Jesaja 52: 23 – 53: 12. Paulus se verkondiging van die Woord van God in sinagoges was om te wys hoe Jesus Christus die Kneg van Jesaja 53 is: Hy is veroordeel, dood gemaak en het toe uit die dood uit opgestaan, soos wat dit in die Ou Testament aangekondig is. (Hand. 13: 27 – 30; 17: 3) Jode in die sinagoge het saam met Paulus dele soos Jesaja 53 in Ou Testament ondersoek om te sien of die Woord van God is soos Paulus dit verkondig. (Hand. 17: 11,12)

Die Jode het tot geloof in die Here Jesus Christus gekom deur Jesus as die Kneg van Jesaja 53 te aanvaar. Jesus Christus het die sluier vir hulle oor Jes. 53 weggeneem.

3. Die Jode in die sinagoges wat nie tot geloof in Jesus Christus gekom het nie (Hand. 13: 45; 14: 1,2) het nie geglo Jesus is die kneg van die Here in Jes. 53 nie. Hulle het geglo die volk Israel, d.w.s. hulle as Jode is die kneg van God. Hulle het hulself en hul eie geestelike geskiedenis ingelees in Jes. 53 en geglo hulle id geroep op die kneg van God in die wêreld te wees. Daarom het hulle nie Jesus Christus as die Kneg van God in die Woord van God raakgesien nie.

Dit is wat Paulus uitwys as twee soorte bedienings. Die Jode wat met ‘n sluier Jes. 53 volgens die letters en gelowiges vir wie Jesus Christus deur die Heilige Gees die sluier oor Jes. 53 weggeneem het, om Hom as die Kneg van God te glo.

Hierdie twee bedienings is vandag weer in die kerk: die bediening van die letter waarin mense hulself as God se kneg wil  sien  en die bediening van die Gees waarin mense tot geloof kom dat Jesus Christus die kneg van God volgens die Ou Testament is.

Geestelikes wat van die God se Woord met die letter, Moses en die dood versluier verkondig dat jy ook soos die Kneg van Jesaja 53 jou aansien, posisie, gesag en invloed moet prysgee en jouself laat verag en geminag te word. Jy moet dit doen deur kampvegter vir die randfigure in die gemeenskap te word – hulle wat hul self sien as die verdruktes, verontregtes en mishandeldes. Jy moet jou in hulle pyn inleef en hulle sondes op jou neem deur dit te verskoon en te regverdig en wanneer jy dit doen moet jy die veragting van die gemeenskap vir wat jy doen dra sonder om te kla want jy is die Slaglam vir die onderdruktes. Deur jouself so kneg van die randfigure te maak, verteenwoordig jy God in die wêreld en sal God deur jou by hierdie onderdruktes en verontregtes wees.

Paulus verklaar dat wie Jes. 53 so lees en hoor, het ‘n sluier oor hulle hart en verstand wat die Woord van God verberg. Só hoor jy net die letters, maar sien die openbaring van wie Jesus Christus is nie. Hy is god se Kneg, nie jy nie.

4. Wie hulle tot Jesus Christus as Here keer, vir hulle laat Hy die lig van die evangelie in hul harte skyn sodat die sluier oor die Ou Testament soos in Jes. 53 weg geneem word. Hulle hoor die Woord van volgens die bediening van die nuwe verbond, die Gees en vryheid.

Met verligte harte deur God sien en hoor hulle dat Jesus Christus is die Kneg van God, die Seun wat geen politieke of godsdienstige magsposisie gehad het nie, maar ons sondes op Hom kom neem het sodat Hy vir ons sondes deurboor was en vir ons sondeskuld aan die kruis verbrysel was. Hy het Homself nie verdedig toe Hy as ‘n godslasterlike sondaar veroordeel nie sodat Hy so die oordeel van ons sondes op Hom kon neem. Hy het vir ons sondes gesterf en as ‘n goddelose saam met goddeloses gesterf maar is in ‘n graf van ‘n ryk ma neergelê. Hy het uit die graf opgestaan om die heerlikheid te ontvang om deur sy Knegskap Here te wees vir sondaars.

As jy Jesaja 53 lees om jouself as ‘n kneg van God te sien en te ervaar, bly daar ‘n sluier oor jou hart en verstand om nie god se openbaring raak te kan sien nie. As jy Jesaja 53. lees om Jesus Christus as God se kneg te ken, neem god die sluier vir jou oor sy Woord weg.

Die bediening van die letter en van Moses, maak jou dood vir die Woord van God terwyl die bediening van die verkondiging van Jesus Christus, jou lewend maak om God te kan ken en liefhê deur sy Woord.

Dit is die verskil tussen om jouself in die Bybel in te lees en om Jesus Christus in en as die Woord van God in die Bybel te vind. Wanneer jy jouself in God se Woord inlees en vind, word alles wat God oor Homself openbaar vir jou net letters sonder kennis van God in sy Woord. So hoor jy nie in Jes. 53. Dat Jesus jou sondes op Hom geneem het nie, maar sien jy in die letters jy moet God se kneg wees, presies die teenoorgestelde wat God in Jes. 53. Openbaar.

5. Deur die bediening van die nuwe verbond in die verkondiging van Jesus Christus die Here, sien ons die heerlikheid van God want Christus verlig ons harte met die kennis van God. (2 Kor. 3: 18, 4: 6)

Ons sien die heerlikheid van God se liefde, goedheid, barmhartigheid, genade vir ons, sy getrouheid teenoor ons en sy lankmoedigheid met ons. In die kennis van hierdie heerlikheid van God word ons ook verander van heerlikheid tot heerlikheid. Die heerlikheid om ‘n begenadigde kind van God te wees, ‘n liefde kind van God, ‘n geseënde kind en ‘n geheiligde kind van God te wees.
Hierdie is die vryheid van die Gees – om ten spyte van jou sonde as ‘n verheerlikte kind van God te leef en God so in sy heerlikheid as Vader te mag ken, vol liefde en genade. (Ps. 103: 1 – 14)

Teenoor die bediening van Jesus Christus staan die bediening van die dood wat lei tot mense se veroordeling. (2 Kor. 3: 7, 9) Hierdie is die prediking van geestelikes wat jou wil verlei om jou nie in die geloof te keer na nie Jesus Christus as die Kneg van Jes. 53 nie, maar wat jou wil oortuig jy moet self ‘n kneg van God wees soos die Kneg van Jes. 53.

Dit is ‘n lewe waarin God jou nie elke dag, dag vir dag van heerlikheid tot heerlikheid verander om sy geliefde, begenadigde, geseënde en geheiligde kind te wees nie, maar jy al meer en meer voor God staan as veroordeelde mens wat nooit waarlik die kneg van God kan wees soos jy glo jy die kneg van God moet wees nie. In ‘n lewe waarin jy die randfigure van die gemeenskap se pyn en lyding vir hulle sondes moet dra deur dit te verskoon en te regverdig sal jy net meer en meer veroordeel word dat jy dit nie reg genoeg en nie goed genoeg doen, deur die geestelikes wat jou in hierdie bediening voorgaan nie. So sal jy in jou menswees wegkwyn en die glans van wie jy as kind van God moes wees, elke dag net dowwer word. (2 Kor. 3: 7 en 13)

Mense wat glo hulle is God se knegte in die wêreld wat God vir ander mense teenwoordig moet maak, sal nooit God ken in die heerlikheid van sy liefde, genade goedheid en barmhartigheid in Christus nie. Hulle sal ook nooit die heerlikheid ken om God se geliefde, begenadigde, geseënde en vergeefse kinders te wees nie. Hulle sal wees wat hulle wil wees – God se knegte, God se arbeiders en slawe. (Gal. 4: 1 -3, 7) God sal altyd vir hulle versluier bly as hulle die Bybel lees.

6. Hoe onder ‘n mens tussen die prediking wat die sluier oor God se Woord wegneem en die prediking wat ‘n sluier oor God se Woord trek?

Paulus stel dit só in 2 Kor. 4: 5: “ Ons verkondig nie onsself nie maar Jesus Christus as Here.” Die geestelikes wat hulle self verkondig doen dit van ‘n verhoog. Die wat Christus verkondig van ‘n kansel. Want kansel beteken maar net die plek van waar af Christus gepreek word. Geestelikes dramatiseer hulself en hul geestelikheid op verhoë om ‘n uitbeelding te gee van God waarmee mense hulself met en in God se goddelikheid kan identifiseer. Hulle vertoon hulle self met die waan dat jy god in hulle teenwoordigheid kan beleef.

Met hierdie geestelike self vertonings ontklee hulle jou van jou kindskap van God en maak jou hul geestelike knegte, met die slinksheid dat jy dink jy is nou God se kneg. As kneg moet jy nou jouself as God se slaaf vind in die Bybel en hulle rituele, missies en visies.

Met hulle verhoog versluier hulle die Woord van God en kan jy nie meer Jesus Christus as die Woord van hoor en sien nie.

Ons het ons tot Jesus Christus as die Here bekeer in die geloof Hy is God met ons. In Christus vind ons onsself as God se verheerlikte, geliefde, geseënde en begenadigde kinders, en in hierdie heerlikheid leef ons van dag tot dag. In hierdie geloof ken ons God in sy Woord omdat Christus vir ons die sluier oor god se Woord wegneem.

Ons luister en hoor god in sy woord. Ons leef ons nie in, in geestelikes se godsdienstige dramas nie.

Ons stel ons self voor kansels, nie verhoë nie.